

BEVOEGHEID OM 'N BOERDERY TE KAN BESTUUR DEUR DR PHILIP THEUNISSEN

BRONDOKUMENTE

Vir baie boere is die brondokumente 'n bron van groot kommer. Dit lê partykeer oral op die bakkie se vloer rond. Soms hoop dit op in die bakkie se paneelkissie en meesal mors dit net tyd om by die koöperasie eers die goed te staan en teken. Ja! Die koöperasiefaktuur is maar een van die brondokumente wat uiters noodsaaklik is om transaksies in die finansiële rekords op te teken.

Bewysstuk

Baie boere dink dat 'n brondokument net 'n onnodige beslommernis is. Dit is alles behalwe dit want hierdie dokument is die beginpunt van die finansiële stelsel aangesien dit as 'n geskrewe bron dien dat 'n transaksie aangegaan is.

Fakture, kredietnotas, afrekeningstate, vragbriewe en tjeks is alles voorbeelde van brondokumente. In kort kan dit beskou word as die papierwerk waarop die besonderhede van 'n transaksie wat plaasgevind het, verskyn. Die datum, bedrag, beskrywing van die aangekoopte items en die aantal items word gewoonlik op die brondokument aangedui. Vantevore is die AVB ook daarop aangedui wat in die onlangse verlede deur BTW vervang is. Uit hierdie besonderhede kan die transaksie in die finansiële rekords aangeteken word.

Die brondokument het, buiten die nut daarvan as bron vir die opteken van transaksies, ook die nut dat dit as bewysstuk dien. In di, verband is dit veral die Ontvanger van Inkomste of die ouditeur van 'n maatskappy wat op aanvraag 'n bewys het dat die aangetekende transaksie wel aangegaan is. As bewysstuk het brondokumente veral met die instelling van BTW meer betekenis gekry.

Brondokumente van die koöperasie

Landboukoöperasies en agribesighede is sekerlik die boer se grootste handelsvennoot. Nie net koop die boer 'n groot gedeelte van sy insette daar aan nie, maar lewer hy ook in baie gevalle sy totale oes aan hierdie besighede. Gevolglik vind 'n groot aantal van die boer se transaksies daar plaas. Dit is dus te verstane dat baie boere se bakkies aan die binnekant wemel van koöperasiefakture.

Die vernaamste brondokument wat die koöperasie/agribesighede verskaf, is 'n faktuur. Elke keer as die boer iets by die handelstak koop, ontvang hy 'n faktuur as bewys vir die transaksie. Wanneer hy dalk goedere terugneem, sal die koöperasie/agribesigheid 'n kredietnota aan hom uitreik. Ten opsigte van produklewerings, sal die koöperasie/agribesigheid weer 'n afrekeningstaat voorsien hoewel die skaalkaartjie al 'n aanvanklike brondokument is.

Met behulp van die fakture, kredietnotas en afrekeningstate, kan die boer sy transaksies met die koöperasie/agribesigheid in sy eie rekords aanteken. Wanneer hy die rekeningstaat ontvang, kan hy sy transaksies met die koöperasie/agribesigheid kontroleer.

Brondokumente van die bank

Transaksies met instansies anders as die koöperasie/agribesigheid sal ook met 'n faktuur, kredietnota of verkoopstaat gepaard gaan. Hoewel hierdie dokumente ook as brondokumente dien, word die tjek- en depositoboek eerder gebruik om die finansiële rekords by te hou. Hoewel laasgenoemde voldoende is om die transaksies op te teken, mag dit nie noodwendig geskik wees om as bewysstuk te dien nie.

Voor die inwerkingtreding van BTW sou die boer dalk in 'n mate daarby verby kon kom om nie die fakture van ander handelaars as bewysstukke te hou nie. Ten einde 'n BTW-eis te staaf, moet hierdie fakture egter beskikbaar wees as die Ontvanger se inspekteurs kom inspeksie doen.

Met betrekking tot die bank, sal daar egter heelwat transaksies wees waarvoor daar nie 'n spesifieke brondokument is nie. Bankkoste, rente en aftrekorders kom gewoonlik op die bankstaat voor sodat die enigste bewys van sulke transaksies die betrokke maand se bankstaat is. In die geval van die koöperasie/agribesigheid kom sulke transaksies op 'n minder gereelde basis voor hoewel daar ook transaksies ten opsigte van rente en kredietversekering sonder bewysstukke plaasvind.

Opberg van brondokumente

Brondokumente het eerstens die doel dat dit as bron dien om transaksies mee op te teken. As die transaksies eers korrek in die finansiële rekords aangeteken is, is daar nie meer nut vir die brondokumente nie behalwe dat dit ook as bewysstuk moet dien. As gevolg hiervan kan die dokumente beslis nie onmiddelik vernietig word nie en is daar spesifieke voorskrifte oor hoe lank die dokumente vir ten minste belastingdoeleindes opgeberg word. Die volgende reëls geld ten opsigte van die opberging van dokumente:

Statutêre en aandeleregisterrekords	Onbepaald
Lederegister (Maatskappye)	15 jaar
Werknemerrekords	5 jaar
Ooreenkomste en kontrakte	5 jaar na vervaldatum
Rekeningkundige rekords:	
- Algemene grootboeke	15 jaar
- Bankstate en -bewyse	5 jaar
- Belastingopgawes en aanslae	5 jaar
- Finansiële jaarstate	15 jaar
- Hulp-grootboeke, debiteurs- en krediteursgrootboeke	15 jaar
- Krediteursfakture en -state	5 jaar
- Registers van vaste bates	15 jaar
- Tjeks	6 jaar
- BTW-rekords	5 jaar
- Verkoopfakture en debiteurstate	5 jaar
- Voorraadstate	15 jaar

Die brondokumente moet te enige tyd gedurende bogenoemde tydperke veilig bewaar word en beskikbaar wees. 'n Kartondoos in die stoor is dus nie goed genoeg nie.

Slotsom

Die dokumentasie wat met 'n transaksie gepaard gaan het 'n tweërlei nut naamlik brondokument en bewysstuk. Dit is baie belangrike dokumentasie wat gebruik word om transaksies mee op te teken en te staaf. Die bewaring van brondokumente word redelik deur boere afgeskeep. Die instelling van BTW het egter hierdie tendens verander aangesien BTW slegs teruggeëis kan word as daar 'n geldige

belastingfaktuur as bewys daarvoor getoon kan word. Gevolglik behoort boere huidiglik meer noukeurig te wees in die opberging van brondokumente.

BETHLEHEM Desember 2005